

Die drie bouse geslagte van veertig jaar elk.



Eks 15:19 Want Farao se perd, met sy strydwaens en sy ruiters, het in die see ingegaan, en die HERE het die waters van die see oor hulle laat terugkom. Maar die kinders van Israel het binne-in die see op droë grond getrek.

Eks 15:5 Die watervloede het hulle oordek. Hulle het in die kolke gesink soos 'n klip. **(die Egiptenare)**

Die drie bouse geslagte van veertig jaar elk.

Volgens die Bybel is die tydperk van 'n geslag veertig jaar.


Die eerste bouse geslag van veertig jaar.

Num 32:13 En die toorn van die HERE het teen Israel ontvlam, en Hy het hulle veertig jaar lank in die woestyn laat rondswerwe, totdat die hele geslag verteer was wat kwaad gedoen het in die oë van die HERE.

Heb 3:17 En op wie was Hy veertig jaar lank ver-toornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie?

Die goue kalf.

Exo 32:1 Toe die volk sien dat Moses vertoef om van die berg af te kom, het die volk rondom Aäron versamel en vir hom gesê: Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit trek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie.



Exo 32:2 En Aäron sê vir hulle: Ruk die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is, en bring dit vir my.

Exo 32:3 Toe het die hele volk die goue ringe afgeruk wat aan hulle ore was, en dit na Aäron gebring.

Exo 32:4 En hy het dit uit hulle hand geneem en dit met die beitel bewerk **en daar 'n gegote kalf van maak**. Daarop sê hulle: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.

Exo 32:5 **Toe Aäron dit sien, het hy daarvoor** 'n altaar gebou. En Aäron het uitgeroep en gesê: MÔre is daar fees tot eer van die HERE.

Exo 32:6 En hulle het die ander dag vroeg klaargemaak en brandoffers geoffer en dankoffers aangebring; daarop het die volk gaan sit om te eet en te drink, en hulle het opgestaan om te speel.

Exo 32:7 Toe sê die HERE vir Moses: Gaan heen, klim af, want jou volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, het verderflik gehandel.

Exo 32:8 En hulle het gou van die weg afgewyk wat Ek hulle beveel het. **Hulle het vir hulle** 'n gegote kalf gemaak en daarvoor neergebuig en daaraan geoffer en gesê: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.

Exo 32:9 Verder het die HERE vir Moses gesê: Ek het hierdie volk gesien, en **kyk, dit is 'n hardnekkige volk.**

Exo 32:10 Laat My dan nou begaan, dat my toorn teen hulle ontvlam en Ek hulle verteer. **Dan sal Ek jou tot 'n groot nasie maak.**

Exo 32:11 Maar Moses het die HERE sy God om genade geseek en gesê: Waarom, o HERE, sou u toorn ontvlam teen u **volk wat U met grote krag en met 'n sterke hand uit Egipteland uitgelei het?**

Exo 32:12 Waarom sou die Egiptenaars spreek en sê: In kwaadwilligheid het Hy hulle uitgelei om hulle in die berge om te bring en hulle van die aardbodem af te vernietig? Wend U af van die gloed van u toorn, en laat dit U berou oor die onheil van u volk.

Hier aanbid die volk die goue kalf - soos hulle die Egiptenare sien doen het.

Exo 32:18 Maar hy antwoord: Dit is nie die geluid van die wat sing van oorwinning nie; dit is ook nie die geluid van die wat sing van neerlaag nie: ek hoor die geluid van beurtgesang.

Exo 32:19 En toe hy naby die laer kom en die kalf en koordanse sien, het die toorn van Moses ontvlam, en hy het die tafels **uit sy** hande gegooi en hulle onder aan die berg verbrysel.

Exo 32:21 En Moses het vir Aäron gesê: Wat het hierdie volk jou gedoen, dat jy so **'n groot sonde oor hulle gebring het?**

Exo 32:22b U self ken die volk, dat hulle deur en deur sleg is.



Exo 32:31 En Moses het na die HERE teruggegaan en gesê: Ag, hierdie volk **het 'n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak.**

Exo 32:33 Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek.

Korag, Datan en Abiram kom in opstand teen Moses en Aäron.

Num 16:1 En Korag, die seun van Jishar, die seun van Kehat, die seun van Levi, saam met Datan en Abíram, seuns van Elíab, en On,

Num 16:2 en hulle het opgestaan voor die oë van Moses saam met twee honderd en vyftig man uit die kinders van Israel, owerstes van die vergadering, manne wat opgeroep was vir die volksvergadering, manne van naam.

Num 16:3 En hulle het bymekaargekom teen Moses en Aäron en aan hulle gesê: Dit is nou genoeg; want die hele vergadering, hulle almal, is heilig; en die HERE is in hulle midde! Waarom verhef julle jul dan oor die vergadering van die HERE?

Num 16:12 En Moses het gestuur om Datan en Abíram, die seuns van Elíab, te laat roep; maar hulle het gesê: Ons sal nie opkom nie.

Num 16:13 **Is dit nie genoeg dat jy ons uit 'n land wat oorloop van melk en heuning laat optrek het om ons in die woestyn om te bring, dat jy ook gedurig oor ons die baas wil speel nie?**

Num 16:14 Ook het jy ons nie gebring in 'n land wat oorloop van melk en heuning en aan ons geen lande en wingerde as erfdeel gegee nie. Wil jy die oë van hierdie manne uitgrawe? Ons sal nie opkom nie.

Num 16:15 Toe het Moses baie kwaad geword, en hy het aan die HERE gesê: Sien hulle offer nie aan nie. Ek het nie een esel van hulle geneem en nie een van hulle kwaad aangedoen nie.

Num 16:16 Verder het Moses vir Korag gesê: Jy en jou hele bende, sorg dat julle môre voor die aangesig van die HERE is, jy en hulle en Aäron.

Num 16:19 En Korag het die hele vergadering teen hulle bymekaar laat kom by die ingang van die tent van samekoms. Toe verskyn die heerlijkheid van die HERE aan die hele vergadering.

Num 16:20 En die HERE het met Moses en Aäron gespreek en gesê:

Num 16:21 Skei julle af van hierdie vergadering, en Ek sal hulle in 'n oomblik verteer.

Num 16:24 Spreek met die vergadering en sê: Maak dat julle wegkom rondom die woning van Korag, Datan en Abíram!

Num 16:25 Toe het Moses opgestaan en na Datan en Abíram gegaan, en die oudstes van Israel het agter hom aan gegaan.

Num 16:30 Maar as die HERE iets nuuts skep en die grond sy mond oopmaak en hulle verslind met alles wat aan hulle behoort, en hulle lewendig na die dode-ryk afdaal, dan sal julle weet dat hierdie manne die HERE verag het.

Num 16:31 En toe hy al hierdie woorde klaar gespreek het, skeur die grond wat onder hulle was,

Num 16:32 en die aarde het sy mond oopgemaak en hulle verslind saam met hul huisgesinne en al die mense wat aan Korag behoort het en al die goed.

Num 16:33 So het hulle dan met **alles wat hulle s'n was**, lewendig na die doderyk afgedaal; en die aarde het hulle oordek, en hulle het omgekom uit die vergadering.

Num 16:34 En die hele Israel wat rondom hulle was, het gevlug vir hulle geroep; want hulle het gesê: Dalk verslind die aarde ons!

Num 16:35 **Toe het 'n vuur van die HERE uitgegaan** en die twee honderd en vyftig man verteer wat die reukwerk gebring het.

Num 16:41 Maar die volgende dag het die hele vergadering van die kinders van Israel teen Moses en Aäron gemurmureer en gesê: Julle het die volk van die HERE gedood.

Num 16:44 het die HERE met Moses gespreek en gesê:

Num 16:45 Trek julle terug uit hierdie vergadering, dat Ek hulle in 'n oomblik kan verteer. Toe val hulle op hul aangesig,

Num 16:48 En terwyl hy tussen die dooies en die lewendes staan, het die plaag opgehou.

Num 16:49 En die wat deur die plaag gesterf het, was veertien duisend sewe honderd, buiten die wat gesterf het om Korag se ontwil.

In vers 35 lees ons van 250 man wat verteer is en in vers 49 van 14,700 dit gee ons 'n totaal van 14,950, plus Korag, Datan en Abiram wat in die doderyk afgedaal het weens hul opstandigheid teen God en sy diensknegte.

WAT 'N BOSE GESLAG!!!

Die tweede bose geslag van veertig jaar.

Die tweede bose geslag van veertig jaar, is volgens Jesus die geslag van Israel van die jare 30 nC tot 70 nC.

Mat 23:33 Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van

die hel ontvlug?

Mat 23:34 Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg,

Mat 23:35 sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die regverdige Abel af tot op die bloed van Sagaría, die seun van Berégja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar.

Mat 23:36 Voorwaar Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.

Die tweede tydperk waarin 'n bose geslag vir 40 jaar geleef het, was dus vanaf 30 nC tot 70 nC, toe Israel deur die Romeine verower is en oor die hele wêreld verstrooi is. Daar is dus geen twyfel daaromtrent dat so 'n bose geslag vir 40 jaar lank leef nie.

Die derde bose geslag van veertig jaar.

Kom ons kyk nou na die derde bose geslag wat oor 'n tydperk van 40 jaar leef.

Mat 24:32 En leer van die vyeboom (Israel) hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.

Mat 24:33 So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge (Jesus verwys hier na al die natuurrampe, oorloë, aardbewings, hongersnood, pessiektes, misleiding.) sien, dat dit naby is, voor die deur.

Mat 24:34 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.

Mat 24:35 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.

Die geslag waarna Jesus verwys, is die laaste bose geslag van 40 jaar, strek t0t aan die einde van die groot verdrukking.

Israel is nog altyd die "horlosie" waaraan God die tyd meet.

Die laaste geslag in Noag se tyd het 120 jaar lank geleef.

{ Gen 6:3 Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar. }

Neem nou (a) die veertig bouse jare in die woestyn, plus (b) die veertig bouse jare in die tydperk van 30 nC tot 70 nC, plus (c) die laaste veertig bouse jare. (40 x 3 = 120) en dit gee ons 120 jaar, dieselfde getal as voor die sondvloed.

Moses het 120 jaar oud geword.

- (1) Veertig jaar in Egipte
- (2) Veertig jaar in Midian
- (3) Veertig jaar in die woestyn saam met die Israe-
liete en sterf op 120 jaar.

'n Nuwe geslag gaan die beloofde land binne.

Honderd en twintig is bymekaar op Pinksterdag in die bovertrek met die geboorte van die n kerk.

Loose Mouth Disease:

Promises, promises, promises - the little foxes. Pride makes us think we don't have to do what we promised to do.

Pride is the most deceptive spirit, because it HIDES !!!

Pride don't want to bow down to Jesus.

Veertig speel 'n belangrike rol ten opsigte van straf.

- (1) Jon 3:4 En Jona het begin met een dagreis ver die stad in te gaan en het gepreek en gesê: Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes.
- (2) Gen 7:12 en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte lank.
- (3) Num 14:33 En julle kinders sal soos herders rondtrek in die woestyn, veertig jaar lank, en sal so die gevolge van julle hoerery dra totdat julle lyke in die woestyn verteer is.
- (4) Deu 25:3 veertig slae mag hy hom laat gee, nie meer nie, dat hy hom nie verder met baie slae bo dié laat slaan en jou broer voor jou oë veragtelik gemaak word nie.

Nog interessante feite oor veertig:

- (1) Isak ('n tipe van Jesus) was 40 jaar oud toe hy met Rebekka ('n tipe van die bruid) getroud is. Gaan Jesus nie dalk aan die einde van hierdie laaste bouse geslag van 40 jaar, Sy bruid kom haal nie? ? ?
- (2) Moses was 40 dae en 40 nagte Op die berg Sinai. Israel maak 'n goue kalf en 3,000 mense sterf.

Die Apostels het 40 dae gewag, na die hemelvaart, vir die uitstorting van Heilige Gees, en 3,000 mense word op een dag gered. (Hand 2)

Belangrik

God het nog nooit opgetree voor die einde van die 40 dae of 40 jaar-periode nie, en Hy het dit ook nooit laat voortduur tot 41 nie.

(3) Jos 14:7 Veertig jaar was ek [Kaleb] oud toe Moses, die kneg van die HERE, my uitgestuur het van Kades-Barnéa af om die land te verken, en ek het hom berig gebring soos dit in my hart was; Num 13:25 En ná verloop van veertig dae het hulle [Kaleb-hulle] teruggekom van die land te verken.

(4) Jesus was 40 dae en 40 nagte in die woestyn toe Hy gevas het. Mat 4:2 En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het,
Hand 1:3 aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het.

Die goue-kalf was die afgod van die eerste bouse geslag.
(Ex 32:1-12 & Num 16)

Wat God vir die eerste bouse geslag gedoen het:

- (1) Vanaf Josef se tyd was hulle 430 jaar in Egipte toe God hulle deur Moses daaruit gelei het.
- (2) Hy het die rooisee vir hulle oopgeklouf en die Egiptenare daarin laat omkom.
- (3) Die bloed aan die deurposte en bo-drumpels het hulle eersgeborenes die dood laat vryspring.
- (4) Die bitter water van Mara het God soet gemaak.
- (5) God voorsien kwartels en manna in die woestyn as voedsel.
- (6) Gedurende die veertig jaar het hulle klere en skoene nie verslyt of te klein geraak nie.
- (7) God het 600,000 te voet uit Egipte na Kanaan laat trek.
- (8) Moses by die braambos is simbolies van Israel wat nie uitgewis kan word nie.

Die gouekalf godsdiens van die laaste bouse geslag, net voor Sy (Jesus) wederkoms.

- (1) Onweergebore lidmate, sonde nie gepredik nie. (Sondaars)
- (2) Godvrees wat gewyk het.
- (3) Heiligmaking oorboord gegooi.
- (4) Weggedoen met beginsels en standarde.
- (5) Openbare godsdiens is vervang met sosiale godsdiens geen Evangeliedienste meer op Sondagaande nie.
- (6) Die wêreld is in die kerk en die kerk in die wêreld. (Geestelike verbastering.) 2 Kor 6:14 &17
- (7) Golgota en die bloed-evangelie word nie meer gepreek nie.
- (8) Profete is waarsêers vir geld. (Miga 3:11 sy profete is waarsêers vir geld.)
- (9) Vleeslike predikers - huurlinge wat in die gehoor streef.
- (10) Predikers en lidmate met 'n gedaante van Godsaligheid. (2Tim 3:5 **mense wat 'n** gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloor het. Keer jou ook van hierdie mense af.)
- (11) Wêreldraad van kerke (gestig in 1948 in Holland) wil hê dat ALLE kerke/godsdiens 'n eenheid moet vorm. (Open. 17 - die Hoer. Katoliek, Islam, Hindoe, Boeddhis, Judaïsme, Animisme .)
- (12) Ouderlinge en diakone wat in hoerery, buite die huwelik, saambly. (1Tim 4:3 Lucifer verbied huwelik.)
- (13) Nuwe vertalings van die Bybel. (Nie God se woord nie)
- (14) Vroue predikers en diakonesse. (New Age - ONBYBELS)
- (15) Vrouens wat nagmaal bedien. (New Age - ONBYBELS)
- (16) Onsedelike en mans-kleredrag in God se huis. (New Age)
- (17) Geen hoofbedekking by vroue. (1 Kor 11:5 & 10)
- (18) Onbeheerste gelag - gemeenskaplike gelag.
- (19) Seil en blaas soos slange. (Simbolies van Lucifer - Open 20:2)
- (20) Miaau soos katte. (Vreemde Gees - nie Heilige Gees nie.)
- (21) Blaf soos honde. (Vreemde Gees - nie Heilige Gees nie)
- (22) Kraai soos hoenderhane. (Hoenderhaan = "Janus" = afgod wat vereer word.)
- (23) Sakrament van die nagmaal bedien aan diere. (New Age)
- (24) Alle mense is gode/messiasse . (New Age) Lucifer se val - Eseg 28 & Jes 14 = Selfverheffing.
- (25) Waai van verskillende landsvlae binne in die kerk. (Liberalisme.)

- (26) Choreografiese danse in die kerk. (Aangeleerde koordanse.)
- (27) Sportgod binne in God se huis vereer. (Rugby, sokker, krieket, ens.)
- (28) Godsdienst-smouse. Gebruik die evangelie vir finansiële gewin, waarby miljoene rande betrokke is.

Die laaste geslag se godsdienst is soos die "gemeente van Laodicea."

Grieks: Laos = die mense

Dike = reg. M.a.w. die gemeente van menseregte wat onafhanklik, sonder Jesus, funksioneer.

Open. 3:20 "Kyk, Ek (Jesus) staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." Dit is die lou gemeente van Open 3:16 "Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug."

Grieks : spuug= braak.

Hulle [Professore & Doktore] sê:

- (1) Jesus is nie maagdelik gebore nie.
- (2) Hy het nie opgestaan nie.
- (3) Hy het nie weggevaar nie.
- (4) Hy kom nie terug nie.
- (5) Hy het op ys geloop en nie op water nie.
- (6) Hulle noem Hom die historiese Jesus.

Met al die "vreemde kalwers" binne in die huis van God, sê baie predikers net soos Aäron: Exo 32:5 En Aäron het uitgeroep en gesê: Môre is daar fees tot eer van die HERE.

Psa 106:20 En hulle het hul Heerlikheid verruil vir die afbeelding van **'n bees wat gras eet.**

Paulus aan die Galasiërs: Gal 3:1 o, Onverstandige Galasiërs, wie het julle betower (getoor) om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie,.....

VIR DIE SKIP (KERK) OP DIE OSEAAN (Wêreld) MET 'N

GAT IN DIE ROMP, SAL DIT NIE BAIE LANK NEEM VOORDAT DIE WATER (Wêreld) DIE HELE SKIP (KERK) VOL IS NIE. DIT GEE ONS 'N SINKENDE SKIP (KERK). Die wêreld binne in die kerk en die kerk binne in die wêreld.

Mense sterf sonder God: Statistieke.

- (1) 3 elke sekonde.
- (2) 180 elke minuut.
- (3) 10,800 elke uur.
- (4) 259,200 elke 24 uur.
- (5) 1,814,400 elke week.
- (6) 7,776,000 elke maand.
- (7) 94,608,000 elke jaar.

Daar is soveel sondaars op die aarde, dat as hulle in 'n ry staan, word die aarde 8 keer omkring.

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die **hemel en die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amo 4:12—maak jou klaar om jou God te ontmoet,!

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: Konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

